# SENTRAAL KAROO DISTRIKSMUNISIPALITEIT

# TARIEFBELEID

## 1. ‘N MINIMUM KWOTA BASIESE DIENSTE MOET GRATIS WEES

Die Munisipaliteit aanvaar dat persone in ‘n sekere inkomste kategorie toegang moet hê tot ‘n minimum hoeveelheid gratis basiese dienste. ‘n Basiese diens is ‘n diens wat nodig is om te verseker dat ‘n aanvaarbare en redelike kwaliteit van lewe verseker word en indien dit nie gelewer word nie die openbare gesondheid en veiligheid van die omgewing nie in gevaar gestel word nie. Die Munisipaliteit beoog om sy doelwit om ‘n minimum hoeveelheid gratis basiese dienste aan almal te voorsien, oor ‘n periode van vyf jaar te bereik.

Die spesifieke dienste is as volg:-

- Opgepotte water;
- Huishoudelike sanitasie en rioolafval verwydering;
- Huishoudelike vullisverwydering;
- Elektrisiteit; en
- Munisipale gesondheidsdienste.

Die minimum vlakke van hierdie dienste is as volg:-

- **Water** : 6 kl water per huishouding per maand;
- **Huishoudelike sanitasie en rioolafval** : 4 kl per huishouding per maand;
- **Huishoudelike vullisverwydering** : 4 vullisverwyderings per maand per huishouding; en
- **Elektrisiteit** : 50 kwh per huishouding per maand.

Die Raad is bewus van die feit dat hierdie dienste nie tans gratis aan alle huishoudings binne die Munisipale gebied gelewer word nie. Die Raad besef dat, ten einde sy doel te bereik om ‘n minimum hoeveelheid basiese dienste gratis te verskaf, verbruik bokant die minimum vlakke en eiendomsbelasting verhoog sal moet word. Verhogings is nodig om enige tekort wat as gevolg van gratis diensverskaffing ontstaan goed te maak en om steeds ‘n netto bedrag surplus op handelsdienste te realiseer. Ten einde tariewe bekostigbaar te maak sal die Raad glyskale instel waarvolgens verbruikers wie meer dienste gebruik progressief meer vir die hoër verbruik sal betaal as die wie minder van ‘n diens gebruik.

## 2. BEHOU TARIEWE BEKOSTIGBAAR

Die Raad is terdeë bewus van die finansiële posisie van inwoners binne die Munisipale gebied daarom onderneem die Raad om tariewe bekostigbaar te hou. Die Raad is ook bewus van die feit dat vanweë historiese redes baie inwoners dienste op 'n hoër vlak ontvang as wat hulle kan bekostig.

Ten einde te verseker dat tariewe bekostigbaar bly sal die Raad verseker dat:-

- Dienste op 'n gepaste/toepaslike vlak gelewer word;

- Effektiwiteit gedurig en aktief nagestreef sal word in al die Munisipaliteit se bedrywighede;

- 'n Prestasie Bestuurstelsel geïmplimenteer word om te verseker dat planne wat beraam word uitgevoer word, dat hulpbronne so ekonomies as moontlik bekom word, effektief en doeltreffend aangewend word en dat gepaste diensleweringsmeganismes gebruik word;

- Enige nie-kern funksies wat dit tans verrig so gou moontlik uitfaseer word sonder om die gemeenskap enige dienste te ontsê wat werklik bydra tot die kwaliteit van lewe in ons gebied; en

- Enige diens wat voorsien word waar die aanvraag daarvoor baie laag is en wat nie ekonomies gelewer kan word en wat noemenswaardige infrastruktuur en ander fasiliteite vereis, uitfasseer word, behalwe waar die Raad deur wetgewing verplig word om só diens te lewer.

Om verhoogde bekostigbaarheid vir die deernisgevalle te verseker sal die Raad toesien dat sy "equitable share" toekenning wat van die Nasionale Regering ontvang word, gebruik word om 'n sekere vlak van basiese dienste vir sodanige gevalle te subsideer.

## 3. BEREIKING VAN PRYS PARITEIT VIR DIENSTE EN EIENDOMS-BELASTING

Die Raad glo daarin dat alle inwoners en belastingbetalers dieselfde tarief moet betaal vir dieselfde vlak en kwaliteit van diens. Daarom sal die Raad daarna strewe om prys pariteit binne die Munisipaliteit te bereik binne 'n periode van drie jaar.

## 4. DIE INTREK VAN ONBELASTE EIENDOMME IN DIE BELASTING-NET EN DIE VOLLE BENUTTING VAN INKOMSTEBRONNE

Eiendomsbelasting is 'n belangrike bron van diskresionêre inkomste vir die Munisipaliteit. Dit word gebruik om dienste te finansier wat nie toegedeel kan word aan individuele verbruikers nie en om die begroting te balanseer nadat diensteheffings vasgestel is. Dit is daarom noodsaaklik dat eiendomsbelasting

gehef en betaal moet word op alle belasbare eiendomme binne die Munisipale gebied. Die Raad sal daarom toesien dat alle eiendomme binne die 2008/2009 finansiële jaar waardeer word en in toekomstige finansiële jare onderworpe gemaak word aan die betaling van eiendomsbelasting.

Die Raad is ook bewus van gevalle waar tariewe onekonomies is, d.w.s. te laag in verhouding tot die koste om die betrokke diens te lewer. Die Raad sal verseker dat die gepaste diensteheffings toegepas word ten opsigte van enige diens waar dit prakties moontlik is.

Die Munisipaliteit, net soos enige ander besigheid, is onderhewig aan voortdurende prysverhoging van goedere, materiaal en ander hulpbronne wat hulle gebruik om hul funksies uit te voer. Gevolglik is dit die Raad se beleid:-

- Dat tariewe vir dienste en eiendomsbelasting ten minste een keer gedurende die finansiële jaar hersien sal word;

- Dat tariefverhogings in lyn moet wees met verhogings in die prys van goedere, materiaal en ander hulpbronne aangekoop en gebruik deur die Munisipaliteit om sy funksies te vervul;

- Verder moet die tarief vir ‘n spesifieke diens op so ‘n manier bereken word dat alle relevante koste verhaal word. Dit beteken dat die tarief vir ‘n diens ten minste die kapitaaluitgawes en rente daarop, die koste van die bestuur en bedryf van die diens en die koste om dit te onderhou, herstel en te vervang, moet insluit.

## 5. BEKENDSTELLING VAN DIE BEGINSEL DAT “VERBRUIKER MOET BETAAL VIR DIENSTE”

Met inagneming van die bogemelde Raadsbeleid dat ‘n minimum hoeveelheid gratis dienste in sekere gevalle voorsien word, glo die Raad dat verbruikers moet betaal vir die hoeveelheid dienste wat hulle gebruik. Die Raad sal verseker dat alle verbruikers meters het om hul verbruik van dienste te meet. Dit is ook die Raad se beleid dat die tariwe vir sulke dienste alle relevante koste moet insluit.

## 6. HERVERDELING / KRUIS-SUBSIDERING

Dit is ‘n feit dat sommige lede van die gemeenskap beter daaraan toe is om dienste wat hulle gebruik of voordeel uit trek, te bekostig as ander. Die begroting van die Munisipaliteit is ‘n belangrike hulpmiddel waardeur verseker kan word dat herverdeling binne die gemeenskap plaasvind. Diegene wie hoër eiendomsbelasting betaal gebaseer op die waarde van hul eiendomme, subsideer in werklikheid die wie minder eiendomsbelasting betaal. Die Raad gebruik ook die handelsurplus wat realiseer uit die voorsiening van handelsdienste om verligting te bring met betrekking tot eiendomsbelasting.

7. **BEVORDERING VAN PLAASLIKE EKONOMIESE MEDEDINGING EN ONTWIKKELING**

Die omvang van die eiendomsbelasting en diensteheffing rekeninge maak 'n groot deel van plaaslike besighede se oorhoofse koste uit. Die oorhoofse koste van 'n besigheid is een van die faktore wat die prys van goedere en dienste wat deur besighede verkoop word, beïnvloed en daarom hang hul winsgewendheid en kans op oorlewing daarvan af. Die Raad sal sorg dra dat die Munisipale rekening wat aan plaaslike besighede gelewer word regverdig en billik is. Om billikheid teenoor plaaslike besighede te verseker by die vasstelling van tariewe, sal die Raad die begeerte om die volgende te bereik, in ag neem:

- Om plaaslike ekonomiese mededingendheid te bevorder; en
- Om plaaslike ekonomiese ontwikkeling en groei te bevorder.

8. **VERSEKER FINANSIëLE VOLHOUBAARHEID VAN DIENS-LEWERING**

Die Grondwet, Munisipale Stelselswet en Waterdienste Wet van 1997 vereis dat die Munisipaliteit moet verseker dat die dienste wat dit voorsien, volhoubaar moet wees. Die tarief vir 'n diens moet dus voldoende wees om alle koste wat daarmee verband hou te verhaal. Dit is egter nie al nie, dit beteken ook dat gelde wat gehef word, ingevorder moet word. Die Raad sal dus 'n Kredietbeheerbeleid en Skuldinvorderingsbeleid aanneem en toepas om te verseker dat die eiendomsbelasting en ander diensteheffings verhaal word. Waar 'n handelsdiens en ekonomiese diens beskikbaar is by 'n eiendom, sal 'n beskikbaarheidsfooi ingestel word indien die eienaar van die eiendom nie die diens gebruik nie of waar die erf leeg is. Die beskikbaarheidsfooi sal voldoende wees om die pro rata koste van die oorspronklike kapitaaluitgawe en rente daarop en die onderhoud van die infrastruktuur wat gepaard gaan met dienslewering, te dek.

9. **TARIEF VASSTELINGSPROSES**

9.1 Behalwe in spesiale omstandighede, soos 'n buitengewone verhoging in die koste om 'n diens te lewer, sal die Raad sy tariewe jaarliks tydens die opstel van die begroting hersien, in ooreenstemming met hierdie tariefbeleid.

9.2 Die voorgestelde tariewe sal aan die gemeenskap voorgelê word tydens die Raad se konsultasieproses oor die begroting.

9.3 Nadat die Raad sy gewysigde tariewe vasgestel het sal die Munisipale Bestuurder toesien dat 'n kennisgewing in hierdie verband so wyd moontlik binne die Munisipale gebied gepubliseer word. Die kennisgewing moet die volgende meld:-

- Die algemene doel van die besluit van die Raad;

- Die datum waarop die vasstelling of wysiging van tariewe in werking gaan tree, welke datum nie vroeër as 30 dae na die vasstelling of wysiging mag wees nie;

- Die datum waarop die kennisgewing opgeplak is.

- Dat enige persoon wie van voorneme is om teen so 'n vasstelling of wysiging beswaar aan te teken dit binne 14 dae na datum van publikasie / bekendmaking moet doen; en

- Dat enige persoon wie nie kan skryf nie, gedurende kantoorure na 'n spesifieke kantoor kan gaan waar 'n personeellid van die Raad behulpsaam sal wees om sodanige persone se besware op skrif te stel.

9.4 Indien geen besware binne die voorgestelde periode in die kennisgewing vermeld ontvang word nie, sal die vasstelling of wysiging van die tariewe soos vermeld in die kennisgewing op die gemelde datum in werking tree.

9.5 Waar besware ontvang word, sal die Raad alle besware oorweeg. Die Raad mag na oorweging van alle besware besluit om die tariefaanpassings te bevestig, te wysig, terug te trek of 'n ander datum vir inwerkingtreding vasstel.

*DDL/gvz/15/04/2002*